



## TOULEIER

# Maak geld op die internet!



Dagsê julle,

Elke dag vertel Radio Hoëveld se meisie vir my en Kamermaatjie hier by kwart voor 6 dat dit stelselmatig aan't koel word is. Vanoggend was dit reeds 9 grade met 'n maksimum van 22.

Oukei, oukei, ek weet dis kinderspeletjies vir julle klomp Kanadese en selfs vir julle wat daar tussen die bleekbene op die eiland bly! As jy egter gewoon is aan somer en son en saffier, dan is 9 grade in die oggend al somer lekker koud. Die maergat manne hier rond pak al selfs truië uit.

Van die os op die jasbaadjie, lesers stuur gereeld vir ons allerhande soort wenke en raad en stories oor nuwe goed.

Soos byvoorbeeld die een wat Vanessa van Pretoria nou juis die week ingestuur het. Sy verwys na die gereelde advertensie wat ons in die nuusbriëf dra oor hoe 'n mens sakgeld vir altyd kan maak. (Tyd dat ek hom maar afhaal, want hy's al so deel van die meubels dat mense hom nie eens meer raaksien nie.)

Vanessa het op 'n sosiale netwerk afgekóm waar sy reken 'n mens kan lekker veilig kuier en vriende maak en .... wag, dat sy liever self vertel.



Ek het hierdie foto'tjie van Vanessa juis gaan aflaai van haar plekkie op hierdie netwerk.

Hier is haar storie oor hoe om daai lang winteraande voor die kaggel met die skootpompie gekoppel aan die internet deur te bring.

*Hennie, Het jy al gehoor van die nuwe sosiale netwerk webtuiste met 'n interessante konkel in? (Ek sien sy konkel met die woord kinkel!)*

*Dis presies wat die beskrywing sê, 'n sosiale netwerk. Die kinkel is dat jy betaal word vir jou aktiwiteite daarop.*

*Elke keer as jy na iemand se profiel, video's, foto's en blog kyk, elke keer as iemand na jou profiel, video's, foto's en blog kyk, as jy kommentaar op iemand se foto's, profiel of blog los. En die beste van als is jy kan baie vriende maak van regoor die wêreld.*

*Natuurlik hoe meer mense jy na die program verwys, hoe dikker word jou beursie, jy kan tot 10 vlakke onder jou geld verdien. Is dit die moeite werd?*

*Verseker, klik op die skakel hieronder en kyk na die voorleggingsvideo, daar is 'n skakel waarop jy kan ingaan om aan te sluit.*

*Kom sluit aan by 'n sosiale netwerk waar obsene gedrag en pornografie ontoelaatbaar is en word betaal vir jou moeite. O ja, het ek genoem, dis helemal gratis! – Vanessa.*

Nou ja, daar het julle dit! Kom ons klomp gaan ondersoek bietjie hierdie nuttjie en ondersteun Vanessa se mooi gedagte van 'n hele netwerk van Kammalanders en hulle vriende!

Ek het sommer al klaar gaan aansluit, Hier is die skakel wat jy kan gebruik om te gaan loer.

<http://www.yuwie.com/yuwie.asp?r=622078&vid=>

Nadat jy aangesluit het, gaan soek Vanessa se werf. Sy gaan my laat weet watter Kammalander eerste vir haar daar 'n boodskap los. Vir daardie Onsdorper wag daar 'n **R100 geskenkbewys** van Kalahari.

*Hennie Greeff*

**GOMORRA, DUSKANTLAND**

**Uitgewer van Kammanuus**



# ROELFIE SLAAT RAAK

## ⑥ 'n Ruiker vir Jakob Stortkop

EISJ! Daar is min dinge wat Roelfie so 'n groot lekkerkry gee as wanneer een skarminkel modder na 'n ander skarminkel gooi.

Aan die ontvangkant is Vader Asvaal, ons mislukte minister van onderwys. Dié man het onlangs ook onder basuingeklank, loftuitings en hosannas - ook vanuit die gediensige Afrikaanse pers - uit die parlement getree.

Maar verlede naweek word hy toe bygekom deur Jakob Stortkop, skynbaar die land se volgende - ai, laat dié beker tog verbygaan! - president. Dit was 'n groot fout om onderwyserskolleges te sluit is weens 'n teorie wat nie behoorlik getoets is nie, sê Jakob.

En dan vervolg hy met die beste opsomming wat Roelfie nog van Vader Asvaal gehoor het: "Kader Asmal is 'n man wat glo dat hy alles weet. Wat hy gedoen het, was erger as wat die apartheidsregime aan ons onderwysstelsel gedoen het. Die demokratiese regering het dié gemors probeer regmaak, maar dinge het van sleg na slegter gegaan."

► Roelfie se ruiker - 'n bos stink afrikaners - gaan dié week aan neef Stortkop.

## ⑥ Sheriff Shabang-Bang

MAAR die uitspraak wat die tonge en vingers die meeste werk gegee het, was dié van sheriff Susan Shabang-Bang, die houtkas se adjunk vir veiligheid.

"Skiet die boggers, en skiet om dood te skiet as julle bedreig voel. Julle het wapens - gebruik hulle. Ek sal die gevolge dra," het sy ewe kordaat verkondig.

Die gewone getjank het uit die voorspelbare kringe opgestyg, maar die vrou se woorde het die grootste deel van die misdaad-moeë land laat juig - veral toe sy dit 'n paar dae later herhaal.

► Nou moet sy nog net plan maak met die swak opgeleide, korrupte, lui, verflenterde en dissiplinelose polisiemag - anders word die verkeerde mense om die verkeerde redes doodgeskiet.

## ⑥ Verwarrende maatstawwe

DIE ander getjank wat die media gevul het, was toe die *Sunday Times* Roelfie se gunsteling-satirikus, David Bullard, afgedank het oor sy "rassistiese rubriek."

Dis nou die een waarin hy 'n fiktiewe situasie beskryf oor hoe die land sou gelyk het as die drie skippies van Oom Jan nie hier geland het nie. Dit was satire uit die boonste rakke, maar het net te naby aan die been gesny van die regeerders, sy ondersteuners en die spul gediensige koerante, geleerdes en hul meelopers.

► Nou is dit vir Roelfie ook interessant dat die SABC taamlik gereeld Zubz se liedjie "Get Out" speel. Dit moedig mense aan om 'n panga teen die "verdrukker" se nek te hou en hom landuit te jaag. Maar daarvoor word geswyg.

## ⑥ Spoorstawe kry voete

'n Leë goederetrein het verlede week aan die Rand ontspoor omdat 'n stuk van die spoorlyn gesteel is. Die skade beloop R24 miljoen.

Dis nou nadat Transnet glo al maande gelede gevra is om die diefstal van spoorstawe te bekamp. Die antwoord was glo dat dit orraait is, want dié stuk spoor "word nie meer gebruik nie." Oeps!

► Nou ja, hulle kan seker maar spoorstawe steel, watwo? En dis seker 'n goedkoper verlies as die afbrand van treine wat láát loop.

## ⑥ Nuwe Barbie-pop

OOR Tafelenbedjie se anti-koloniale onderrok wat hy nou amper daaglik vastrap oor Zimbaapwe het Roelfie weinig te voeg by die grappie wat nou die ronde doen.

Daar is glo 'n nuwe Barbie-pop op die mark. Sy het nie klere nie, ook nie 'n huis of 'n plaas of kos nie. Haar naam is Zim-Barbie, en sy het 'n troetelkoei met die naam Moooo-gabie.

► Nou moet ons net duim vashou die koei droog op.

# Allegaartjie

---

## LESSE IN LOGIKA

- ♦ As dit waar is dat ons daar is om ander te help - wat moet die ander dan doen?
- ♦ Ek is intelligent gebore - en toe befoeter die skool alles.
- ♦ Lig trek vinniger as klank. Dis hoekom sommige mense intelligent lyk totdat hulle praat.
- ♦ Hoekom is "afkorting" so 'n lang woord?
- ♦ Geld is nie alles nie - daar is nog MasterCard en Visa.
- ♦ Daar is 'n vrou agter elke suksesvolle man. En agter die onsuksesvolles is daar twee vroue.
- ♦ Alle mans behoort te trou. Geluk is immers nie ál waarom die lewe draai nie.
- ♦ Jou toekoms hang saam met jou drome - gaan klim in die bed.
- ♦ Daar moet 'n beter manier wees om die dag te begin as om soggens wakker te word.
- ♦ Hoe meer jy leer, hoe meer weet jy. Hoe meer jy weet, hoe meer vergeet jy. Hoe meer jy vergeet, hoe minder weet jy. Wat is dan die nut van leer?
- ♦ 'n Busstasie is waar die busse stop. 'n Treinstasie is waar die treine stop. Op my lessenaar is daar 'n werkstasie. Wat meer kan ek sê?

---

## Liewe Skool . . .

### Hier is 'n paar afwesighedsbriefies van ouers wat deur skole in Suid-Afrika versamel is (met spelling en al):

1. Verskoon Lisa. Sy was siek. Die dokter moes haar 'n skoot gee.
2. Liewe Skool, Verskoon Piet vir af wesigheid op Januarie 28, 29, 30, 31, 32 en ook 33.
3. Koos was afwesig omdat hulle twee tanne uit sy gesig moes trek.
4. Patricia sal skool vandag en more mis weens spattende are.
5. Jammer dat Gerhard gister af wesig was. Hy het ~~diree~~ ~~dierahee~~ ~~iedaree~~ spuitpoep gehad.
6. Ekskuus dat Susanna gister afwesig was. Ons het vergeet om die Sondag koerant op die stoep op te tel en toe ons dit Maandag optel het ons gedink dis Sondag.
7. My dogter het skool gister gemis omdat sy baie moeg was. Sy het die naweek met die flootsoldate deur gebring.
8. Marianne was van 11-15 Maart siek omdat sy koors, seer keel en 'n loop maag gehad het. Haar broer het koors gehad en sy lyf het gepyn. Ek self was nie wel nie met 'n seer keel en koors. Ek dink daar is iets los want my man was gisteraand warm.
9. Verskoon dat Kobus gister weg gebly het. Sy pa is weg en ek kon hom nie help nie want ek is in die bed met die dokter.



# Dié week se giggels



**As drank 'n probleem word . . .**

## SONSOPKOMS

Ons was besig om na 'n huis te kyk toe my broer die huisagent vra waar oos is, want hy wil nie hê die son moet hom soggens wakker maak nie.

"Kom die son in die ooste op?" vra sy. My broer het haar verseker die son kom in die ooste op.

"Om die waarheid te sê," verseker my broer haar, "dit is al geruime tyd die geval."

"O," sê sy. "Ag, ek hou nie tred met al daai dinge nie."

## BLONDE IERE

Twee Ierse ingenieurs staan en kopkrap by 'n vlagpaal. 'n Blondine stap verby en vra of sy kan help.

Ja, sê hulle, hulle moet 'n nuwe vlagpaal laat maak, maar het nie 'n leer om uit te vind hoe hoog hy moet wees nie.

Sy haal 'n moersleutel uit haar handsak en maak 'n paar boute onderaan die paal los. Daarna laat sy die paal sak, haal 'n maatband uit haar sak en maak 'n paar metings.

Sy vertel hulle die paal is 5,75 m lank en 150 mm dik onder en 75 mm aan die bokant. Sy help hulle weer die paal opsit.

Terwyl sy wegstap draai Paddy na sy maat: "Tipies blondine, sy gee ons die lengte en die diktes, maar ons het die hoogte nodig!"

## BOU NOU 'N NASIE . . .

Die man kon nie sy bagasie op die vervoerband op OR Tambo-lughawe kry nie en gaan klop by die bagasiekantoor aan vir hulp.

Die vrou agter die toonbank het geglimlag, hom verseker dat sy 'n opgeleide persoon is, en dat hy in goeie hande is.

Toe vra sy hom: "Is jy seker jou vliegtuig het al geland?"

## VEILIGE PLEK

My suster het 'n stuk gereedskap in haar motor wat ontwerp is om deur 'n veiligheids gordel te sny as sy in 'n ongeluk is en sukkel om los te kom.

Sy hou dit in die katebak.

## VARKE

Wat is die verskil tussen 'n vark en 'n student?

'n Vark raak nie ná drie biere 'n student nie.

## ROMPE EN SKILPAAIE

Hoekom het skepe altyd vroulike name? Omdat hulle rompe het.

Wat het die skilpadjie vir sy ma gesê toe hy gaan swem? "Hou my dop."

## Die Towenaar van Id deur Parker





# MENSE en hul dinge

## □ Burgemeester verbied selfone

DIE Oostenrykste stad Graz het die eerste stad geword wat 'n verbod op die gebruik van selfone op openbare vervoer plaas.

Die konserwatiewe burgemeester was geïrriteer oor die konstante gegons van mense wat hul lewensgeheime op busse en trems openbaar. Selfone moet nou op "stil" gestel word. Harde musiek word ook verbied.

Die verbod is deur talle groepe veroordeel, onder meer omdat dit sakelui van openbare vervoer kan laat afsien.

Verskeie ander Oostenrykse stede oorweeg egter soortgelyke optredes 'n Opname het getoon dat 68% van Graz se inwoners met die verbod saamstem.

## □ Hitler-dorp kla oor standbeeld



MENSE wat in die Nazi-diktator Adolf Hitler se tuisdorp, Braunau, woon is woedend omdat 'n buurdorp 'n standbeeld opgerig het van 'n kaal man wat sy stêre in hul rigting wys. Die beeld is in die Bavariëse dorp Simbach op die Duits-Oostenrykse grens en toon 'n kaal man wat op 'n groot vis ry. Die onderburgemeester van Braunau het beswaar gemaak.

"Hierdie kreatuur se agterent wys reguit in ons rigting en ons wil hê dit moet verwyder word," het hy gesê.

Die burgemeester van Simbach sê hy kan nie verstaan waaroor die bohaai is nie.

## □ Skool wil heks nou verbied



DIE Laerskool Warboys in Cambridgeshire se platteland is op pad om sy historiese wapen te skrap omdat dit leerlinge en onderwysers wegdryf.

Die skoolwapen toon reeds die afgelope 60 jaar 'n heks op 'n Besemstok, omdat dit die laaste dorp in Engeland was waar hekse gehang is.

Die dorp is ontevrede oor die besluit en het reeds 'n petisie met 1000 name teen die verandering versamel.

## STAMBOOM

### Jansen van Vuuren

[krulouw@polka.co.za](mailto:krulouw@polka.co.za)

Pa is Hendrik Gerhardus Jansen van Vuuren, ma was Johanna Helena Janse van Rensburg, pa se ma was Nel, ma se ma Linde.

### Kotze

[jtjam@i4free.co.nz](mailto:jtjam@i4free.co.nz)

Kotze is my nooiensvan, maar sal graag meer wil weet omtrent die van Kotze, my pa is Christiaan Burger Kotze.

### Badenhorst [corsten.frik@yahoo.co.uk](mailto:corsten.frik@yahoo.co.uk)

Ek is op soek na enige inligting oor die Badenhorst-van, veral dié wat uit die Wes-Transvaal kom.

### Stassen [reventer@adsactive.com](mailto:reventer@adsactive.com)

My nooiensvan was Stassen, sal graag meer oor dié familienaam wil uitvind.

## SAKGELD VIR ALTYD

### KLAAR 'N MEDIËSE FONDS?– HIERDIE IS VIR JOU OOK!

Ontvang n VISA spaarkaart vir al daardie ekstra apteek- uitgawes.  
Hierdie is ook 'n netwerk geleentheid -verdien ekstra!  
Ons doen al die werwingswerk namens jou

**KLIK HIER: <http://provinet.co.za/?ref=PN12394>**



## MAKERIEPAS!

Stories uit die weermag

### Ligte mistykie in die bosgebied

Deur Hennie Greeff (Nieu-Seeland)

Ek het my verpligte militêre opleiding in 1965 as vrywilliger by die Leërgimnasium gedoen. Let wel: Nie die gewone 9 maande nie, maar wel 10 en 'n halwe maand.

Ons was primêre infanterie, maar het ook opleiding in mortiere en kanonne gekry. Ons was egter bevoorreg om nie na ander basisse uitgeplaas te word nie; ons het in dieselfde kamp gebly.

Die eerste snaakse reël wat die weermag gehad het, was dat jy 'n lisensie vir alles moes hê voordat jy dit kon gebruik: Voertuie, fietse, projektors, ensovoorts.

Ek is om een of ander vreemde rede aangewys en opgelei as stoorman, 'n KSKM of kwartiermeester vir C Kompanie en het toe 'n lisensie vir alle moontlike toerusting bekom.

My PF (Permanent Force) Sammajoor was Pienk Piet, en deur hom het ek al die *red tape* van die weermag geleer. My handlanger in die stoor was ene Chris Zietzman van Ceres. Hy was byna 7 voet lank en so maer soos 'n nommer een gholfstok. Eksel self het nie vir hom agteruit gestaan nie. Ek is ses twee en het toe 65 kg geweeg.

Een van die jong luitenant was 'n ene Thys Lourens (vir dié wat nie weet nie, hy het rugby gespeel; ook twee toetse vir die Springbokke) en sy handlanger was 'n ou wat baie voorbarig was en homself ingewurm het in die agterente van die manne met gesag.

So het dit gekom dat ons op 'n drieweke-veldkamp Noorde toe vertrek, waar die Madimbo-kamp ontwikkel het. Daar was net bos, en ons het ons eerste behoorlike ete onder die bome gekry. Die voorbarige vent is toe gevra om die gebruiklike gebed voor ete te doen.

Nou moet ek hier verduidelik dat as jy volgens die militêre voorskrifte 'n foutiewe bevel gee, jy dit kanselleer met 'n luide: "HERSTEL!"

Ewenwel, Voorbarig begin sy gebed: "Vir wat ons gaan geniet maak ons regop . . . HERSTEL! . . . opreg dankbaar daarvoor. Amen."

## VERSKILLE IN DIE WEERMAG

### VREUGDE IS . . .

**Infanterie:** 'n Goeie geweer

**Pantser:** 'n Groot tenk

**Artillerie:** 'n Luide boem

### BY DIE AANHOOR VAN VUURWERK

**Infanterie:** Koel, net soos 'n oefening in lewendige vuur

**Pantser:** Nie hard genoeg nie

**Artillerie:** Vuurwerk? Watse vuurwerk?

### GUNSTELING LIEDJIE

**Infanterie:** "Ballad of the Green Beret"

**Pantser:** "Purple Haze"


**Artillerie:** Enigiets, solank dit HARD gespeel word

### GUNSTELING VORM VAN VERVOER

**Infanterie:** Enigiets behalwe loop

**Pantser:** Tenks! Tenks! Tenks! Tenks! TenktenktenTENKS!

**Artillerie:** Moet jy nie rondbeweeg om vervoer nodig te hê nie?



## Anderman se Goed Skrywe uit Holland

### In Holland is amper nie stamper

**Hierdie skrywe is oorgeneem uit Rapport, waar Lisl begin het met 'n blog oor haar lewe in Europa. Hierdie week se blogartikel heet "Hollikaans: Ek kan nie tou daaraan vasknoop nie!"**

AS 'n gretige leerder van die Nederlandse taal, het ek nou agter die kap van die byl gekom met betrekking tot die probleem tussen Afrikaans en Nederlands: Jy dink jy verstaan.

In my begindae in Nederland het ek baie vir mense gesê: ek verstaan jou nie, en was telkens verbaas om dieselfde sin weer te hore te kry, maar dié keer harder. Na 'n paar verleë oomblikke, en 'n aanstaardery uit 'n ander wêreld, het ek beseft dat "verstaan" dieselfde as ons "hoor" beteken. Nou gebruik ek liever "ek begryp jou nie", met so 'n mooie ik aan die begin!

My Nederlandse vriende en kollegas moet dink dat ek al die vreeslikste dinge oorgekom het in Amsterdam. Ek is al amper deur 'n fiets of tram omgery (ok, meer as een keer), ek verpas amper elke dag die trein, en ek was amper dood met 'n vreemde garnale-insident. Dit is seker nie so skrikwekkend nie, behalwe vir die feit dat "amper" in Nederlands beteken dat dit wél het gebeur!

Dus 'n student kan sê, ek het amper deurgekom, en dit het 'n punt van 51% tot gevolg.

Nogal 'n verskil. In Utrecht (en eintlik in elke stad) is van die wonderlikste "kringloopwinkels". Min of meer soos 'n tweedehandse winkel, behalwe dat mense goed kom aflaai en nie geld daarvoor kry nie.

Ek is deur 'n goeie vriend voorgestel aan die nuwe wêreld, en het vandag die "Groot Spreekwoordenboek" vir 3 euro gekoop. Om die taal, die werkwoorde, die verbuigings en die "slang" te verstaan is een ding.. maar die spreekwoorde, verseker 'n ander.

Hoewel ek vandag by die werk daarvan oortuig is deur my kollegas dat die boek heel oud is, wil ek tog 'n paar goeies hier opskryf (losweg vertaal):

- ◆ Wie 'n dikke boud het, moet 'n wye broek dra
- 'n Kat in 'n stegie maak vreemde spronge
- ◆ Wie sy agterkant verbrand, moet op die blase sit (of meer bekend... wie sy agterkant verbrand, moet bly wees dat hy nie andersom staan nie!)
- ◆ Moenie jou perd met 'n knuppel doodslaan voor jy by die huis is nie

Ek laat dit aan julle om die betekenis uit te dink!

Nog 'n mooi ding van die Nederlandse taal is die feit dat jy van omtrent enige selfstandige naamwoord 'n werkwoord kan maak deur 'n "en" aan die einde by te sit. So kan jy telefoneren, fietsen, en computeren. Grappig, hè?!

Nog erger is die twee voorbeelde (wat ek ken) oor die gedrag van diere: As jy dinge gaan opgaan (dink aan voor die 1994 verkiesings met al die blikkieskos en gas...) dan gaan jy "hamsteren"! En as jy baie senuweeagtig op en af loop dan "ysberen" jy. Ek moet nog elke keer daarom laggen!

Vir al die taalreëls het ek hier definitief nie genoeg plek nie, maar vir my is dit meer soos Engels as soos Afrikaans: meer "am, is" en "are" as die Afrikaanse "is". Natuurlik verbuig die werkwoord ook nog en vinnig sit jy met onverstaanbare sinne vir die gevoelige Afrikaanse oor.

Ek begin dink dat Jan van Riebeeck miskien bietjie lui was en nie al die Nederlandse taalreëls kon of wou verstaan nie - maar aan die ander kant wonder ek ook: miskien was hy juis slim, en het dit as sy kans gesien om vir ewig en altyd 'n nuwe nasie daarvan te verlos!

Ek wens ek het geweet...

Volgende week skryf ek oor my blitsbesoek aan Boedapest, Hongarye, so hou die blog dop!



# BRIEWEBUS

## Kammanuus se lesers aan die woord

SKRYF AAN: [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com) en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp.

**Briewe word onveranderd geplaas.**

**Daar is vandeeweek ook 'n klompie heerlike, kort briefies van Kammanuusers van dwarsoor die wêreld. Dis heerlik om van julle te hoor en dit wys net weer hoe wyd Kammanuus gelees word.**

**Nou moet die ander luies ook net van hulle laat hoor 😊**

## China bly vol verrassings

**LIEB en MIES LIEBENBERG, China:**

Die kragonderbrekings en die styging in petrolpryse en elektrisiteit maak dit vir ons nie moontlik om meer in Suid-Afrika te bly nie. In die byna twee jaar wat ons nou in China is, kan ons met elke besoek aan SA duidelik die verskil in pryse sien en kan nie glo hoe alles daar duurder geword het nie.

Ek het vir ons twee 'n romantiese naweek beplan en het toe Vrydagmiddag op 'n 'sleeper coach' geklim en die die 8 ure na Qingdao aangedurf.

Hierdie beloofde 8 ure lange rit het toe in 9 en 'n half uur verander aangesien die busbestuurder en sy maat oraloor onwettige passasiers oplaai en natuurlik die geld in hulle eie sakke steek! Daar is gestop vir pakkies, koeverte en op een plek het ons selfs 'n halfuur gewag sodat 'n man en sy dogter onwettig kon opklim.

Die stad met sy 1.6 miljoen inwoners word aan drie sye omring deur die Geelsee en aan die binneland 'n redelike hoë berg. Dit was in die jare dertig 'n Duitse nedersetting en die Duitse argitektuur is oral te herken. Dit is ook die plek waar hulle Tsingtao-bier maak en Mies, die bierdrinker in die familie, sê dit is 'n heerlike bier.

Die Chinese verwys nou na die stad as hulle eie Switzerland! Hulle het nie 'n idee hoe dit regtig in Switzerland lyk nie . . .

Ons het baie van die stad gesien op ons manier. Ons klim mos by enige busstop op die bus en ry dan tot dit by die busterminal stop. Glo my as ons sê dat jy 'n plek maklik op die manier verken. Mies skryf alles neer wat op die spesifieke busroete te siene is en dan sal ons die volgende dag die dinge gaan besigtig. Te lekker.

Daar is ses swemstrande en die see lyk selfs amper blou. Die Chinese is vreeslik trots op die stad, aangesien die Waterafdelingsportsoorte soos die regattas, ens, daar gaan plaasvind.

Ons het ook bruidspare op die strande sien loop en op die rotse sien klouter met hulle trouklere aan. Ek hoop nie dit is 'n voorteken dat die huwelik vir die rotse bedoel is nie!

Ons het een paartjie afgeneem. Sy het 'n swart sweetpak onder die bruidsklere aan, met ek dink, rooi skoene. Die mannetjie lyk net soos 'n blaasoppie – te oulik die paartjie!

Orals in groot stede is daar 'n Franse kledingwinkelgroep, Carrefour. Ons gaan koop toe bietjie kaas en whisky daar en Mies groet daar 'n Westerse paartjie wat by ons verbyloop. Kan julle glo, dit is toe mense van Suid-Afrika wat daar bly!

Tessa is 'n kwaliteitskontroleerder vir 'n kleremakery van Duitsland. En Patrick is 'n fotograaf. Die kort en die lang van die storie is dat ons by hulle gaan kuier het en saam gaan uiteet het. Te gaaf vir woorde!

Die nuwe vriende het ons vir Oktober genooi na die Bierfees wat daar gehou



# Briefies van oraloor

## **KAMMANUUS NA FRANKRYK**

**HERMAN iemand, Êrens:**

Baie dankie, het die nuusbrief vannoggend gekry en vannaand jou briefie. Ek het nogal gewonder oor die "null", toe dink ek daar's dalk niemand daar agter die kuber gordyn nie.

Toe ek nou eers die nuusbrief lees en lekker lag, vergeet ek skoon van die "null" en stuur sommer die brief aan my vriend om hom lekker lus te maak om by ons dorp te gaan kuier. Ek is amper seker hy gaan dit weer aanstuur na sy Franse vriend in Frankryk, want einste die loop lekker rond hier in Suid-Afrika. Hulle twee gesels graag oor sport en hou van humor. Ek hou weer baie meer van humor as sport. Die Franse lees ook Afrikaans, hulle vertaal dit.

Groetnis aan Roelfie en dankie aan julle almal vir jul onbaatsugtige goeie werk.

## **DEURMEKAAR RIGTINGS**

**JAAP KRUGER, Kanada:**

Ek kry die Kammanuus in my e-pos van 'n vriendin en geniet om dit te lees. Ek is al 5 jaar in Kanada, en geniet die plek baie. Dis soos die paradys solank jy net onthou jy kom nie Kanada toe om warm te kry nie. Ek sien in die 7de april se Kammanuus van Kaapstad se noordelike voorstede. Jy kan gerus na Vancouver kyk. Wes Vancouver is Noord van Vancouver.....en Noord Vancouver is direk oos van Wes Vancouver ;-))

## **'SARIE MARAIS' IN FRANKRYK**

**MARIUS SCHMULIAN, Frankryk:**

Gaan goed hier in Provence en die franse taal word al hoe beter.

Ietsie interresant: Ek en my vrou het na n wynplaas gegaan om saam met 40 ander franse n maaltyd te geniet. Die eenaar se vrou kom toe na ons kant en begin "My Sarie Marais " te sing in gebroke afrikaans.Ek sing toe saam en sy sing toe verder in frans --- vertel toe vir my die hele geskiedenis van die liedjie, -- maak toe die boere helfte ( ma was Theron ) van my hart met n punt huistoe trek. Hennie, ek geniet dit vreeslik bie om ietsie in afrikaans te kan lees--- baie dankie en groete van hieraf.

## **TOE 'N ANDER GREEFF**

**MARIETHA ALBASINI, Êrens:**

Ja, ek het die nuusbrief gekry, baie dankie. Het gewonder waarom gaan die null, maar aangeneem dit is een of ander gogga wat ingesluip het.

Ek was my hele skoolloopbaan saam met 'n Hennie Greeff en aangesien my nooiensvan Graaff was, het ons twee altyd langs mekaar op die klaslys gestaan. Het gewonder of dit jy was, maar die foto op die nuusbrief het dit gou duidelik gemaak.

Baie dankie vir die wonderlike kans om Afrikaans op sy suiwer, gesonde beste te kan lees en praat. Sal een of ander tyd 'n stuiwer in die armbeurs gooi...

## **GROOT LEKKERKRY**

**COERT OBERHOLZER, Êrens:**

Biae dankie vir jou nuusbrief, ek geniet hom vreeslik, of as jy die gesegde "it gives me great pleasure" direk sou vertaal , dan word dit.....dit gee my groot lekkerkry.... ek dink dit beskryf die nuusbrief omtrent die beste.

## **SWAAR AFSKEID VAN IERLAND**

**ANNETTE ERASMUS, Ierland:**

In die kort somers wat ons hier het, het ons elke jaar 'n pragtige somertuin gehad, behalwe verlede jaar toe dit net 'n tuin was, want van somer was daar geen sprake nie. Ons het tot een jaar die tweede prys gewen in die mooiste kleintuin kompetisie. So het ons ons besig gehou met ditjies en datjies en fietlik ongemerk het vyf jaar verbygegaan.

En nou het die trok met die goedjies wat ons hier bymekaargeskraap het versigtig verpak, vandag in die reen hier weggery en ons voor die huisie agtergelaat.

Hoekom het die reën wat van my gesig afdrup dan vandag so 'n souterige smakie? Miskien huil my hart omdat ons ou twee op hierdie stadium van ons lewe net weer mekaar gehad het. Dit was genadetyd, altyd-onthou-tyd, dankie-tyd. Maar dit is verby.

Oor 'n week sal ons die groen lappieskombers uit die vleigtuigvenster kleiner en kleiner sien word totdat dit weggraak – vir altyd.

# AGTEROS

---

## Nuwe strategie teen die we

Deur STEFAANS

**"In die plaaswinkel is daar net twee kleure hemde: kakie en blou. En hulle kyk jou vandag nog snaaks aan as jy 'n blou koop."**

**O**NS was nou die aand besig om pyltjies te gooi in Smalhans se garage toe hy opmerk dat my nuwe garagedeure nou al vir hom mooi begin lyk. Dis nou nadat ek die geel deure so 'n baie ligte pers loop verf het, op Doortjie en Susanna se aandrang.

Smalhans se hy lees mos net gister dat die nuwe modekleur vir mans pienk gaan wees, glo omdat dit so mooi afsteek teen 'n mooi tên.

En Wolfie gooi die hele *dartbord* mis en gryp na sy glas.

En dat mans deesdae baie meer geld spandeer aan dinge soos deodorante en handerome en velsorgmiddels en lekkerruik sepies en Eau de Colognes.

En Wolfie stik in sy knerts.

Kyk, se Wolfie toe die hoesbui bedaar, waar hy vandaan kom, het al die boere kakie gedra, en hulle doen dit nog. En in die plaaswinkel en die koöperasie is daar net twee kleure hemde: kakie en blou, en daar is vandag nog mense wat jou snaaks aankyk en agter jou rug vir mekaar knipoog as jy 'n blou hemp koop.

En wat al daai lekker-ruik goed betref, sê Wolfie: Al Eau de Watsenaam wat op die plaas aanvaarbaar is, is Eau de Skaapkraal. En wat room en seep betref, is daar Zambuk-salf of kamferroom en Lifebuoy. Dis nou as jy nie van Sunlight hou nie.

Dis g'n wonder die wêreld loop so hand in die sy agteruit nie. Is vanlat mans hulle met al hierdie vroumensgoeters ophou, sug Wolfie. Party van hulle stink die ene laventelbos soos wat hulle bespuit en besmeer. Jy ruik hulle 'n myl ver aankom, selfs al loop hulle wind-af.

**O**M die onderwerp te verander, vra ek toe of hulle gehoor het hulle het miesies Visser se karretjie nou die aand voor haar huis in die oprit gesteel, glo die vierde een van dieselfde fabriek in een week in ons woonbuurt.

Wolfie se toe ja, met dié dat die die we al meer geleerd raak, werk die alarms en goed ook nie. En dis lankal nie arm en ongeletterde mense wat steel nie - dis die slim sindikate, en hulle kan almal lees.

Hy dink ons moet liewer 'n briefie op die hek of op die voordeur plak, soos wat Dikdoors maak. Dikdoors sê hy skryf op die briefie 'n boodskap vir die slagter wat sy vleis aflewer en sê hy moet voortaan drie kilogram vleis vir Brutus los, want een kilo maak die hond net kwaad en baie geniepsig.

Of die briefie wat hy op die posbus plak:

"Liewe Posman,

Daar was bloedsplatsels op al ons briewe. As jy weer pos aflewer, moet jy asseblief alle dele van jou liggaam ver weghou van alle openinge. En wanneer dink jy kom daai boek wat ek bestel het, die een wat vertel hoe mens vir 'n tier sorg en watse kos hy moet eet?"

Of:

"Liewe Posman,

Moenie die posbus se deksel hard klap nie - dit maak my vier rottweilers baie kwaad en dan byt hulle enigiets wat voorkom."

Of sommer net 'n kortetjie, wat jy kamstig vir jou vrou bedoel.

"Marietjie,

Moenie inkom nie. Die swart mamba het weer uit sy hok ontsnap."

Hy wat Wolfie is dink dis 'n goeie plan. Hy wil sommer ook so 'n kennisgewing op sy voordeur plak vir al die bedelaars. Een wat se klop aan die deur as jy vir my geld het, want ek het dae laas iets te ete gehad.

Of: Klop gerus, ek het baie werk en ek betaal nie sleg nie.

Smalhans het Wolfie so staan en beluister. En sê nou maar, vra hy toe vir Wolfie, sê nou jy word een oggend wakker en daar is 'n briefie wat sê ons sien jy het twee TV-stelle, toe vat ons maar een vir ons?

En Wolfie, wat op die punt was om 'n heildronk in te stel op briefies, stik toe vir die tweede keer op dieselfde aand in sy knerts.

---

**Die volgende KAMMANUUS verskyn op 5 Mei**